

1 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2:1-7
Fokusgedeelte: Openbaring 2:1

Jesus Christus is by jou en hou jou vas

Toe Israel tydens hulle uittog uit Egipte by Refidim in die woestyn was, was hulle ontevrede en het hulle in 'n oomblik van opstandigheid vir Moses gevra: "Is die Here by ons of nie?" (Eks 17:7). As dit met jou baie sleg gaan, as jy aan 'n ernstige siekte ly, as jy 'n dierbare aan die dood moes afstaan of as jy aan depressie ly, kan jou gedagtes maklik in dieselfde rigting as Israel s'n gaan. Jy kan wonder of die Here werklik nog by jou is.

Die feit van die saak is egter: God sal jou nooit verlaat nie. Soos wat Hy by Israel was en hulle op sy almagtige hande gedra het, só is Hy eweneens vandag nog by sy kerk. Só is Hy by elke lidmaat van sy kerk en só is Hy self by jou.

In Openbaring 2:1 maak Jesus Homself aan die gemeente in Efese bekend as dié Een ... "wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan." Die sewe sterre is die leraars in sy kerk – die leraars wat God se Woord verkondig. Christus het 'n stewige greep op elke gemeente deur sy Woord. Hy regeer oor jou deur sy Woord en Heilige Gees. Jou hele lewe is volledig onder sy beheer. Wat meer is: Hy gaan tussen die sewe goue lampe rond. Hy is voortdurend by sy kinders en by sy kerk. Soos wat jou skaduwee altyd by jou is, só is Christus altyd by jou. Jy is nooit alleen nie.

Wanneer dit vir jou voel of omstandighede vir jou te veel word – die drukte by die werk, jou hartseer, finansiële kwellinge wat jou wil onderkry – onthou dan: Jesus Christus *is ook bý jÓú!* Hy sal vir jou die krag gee om elke struikelblok in jou pad te bowe te kom. Vertrou Hom! Hy is die almagtige God self. Hy is in staat om jou te help – effektief te help!

Sing: Skrifberyming 38:1,3

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)